# 544.  EK WIL U YAHWEH LOOF!

```
        *  mans         `  vrouens         Res almal saam

        D                        A
1.      Ek wil U Yahweh loof, U altyd prys.     *
                                   D
        U lof sal altyddeur in my mond wees.    `
        D                             G       Em
        My siel sal hom beroem in El Yahweh     *
                 D                    Bm          A           D
        Maak Yahweh saam met my groot, en verheerlik Sy Naam.

        D                       A
2.      Ek wil u lof toesing, U ere bring      *
                                   D
        die lied sal altyddeur in my hart wees *
        D                                  G       Em
        laat hoor my siel die stem van my danklied    *
                 D           Bm              A      D
        Laat my volk met lofgesang, U verhoog, Yahweh

        D                             A
3.      Ek wil U Yahweh groot maak in my lied `
                                      D
        met hart en siel en liggaam U liefhê.   `
        D                            G       Em
        My siel sal hom verlusting in Yahweh    `
                 D                    Bm           A       D
        Loof Yahweh, bring Hom die dank, en verhoog Sy Naam.

        D                            A
4.      Ek bring U Yahweh eer met lofgesang  *
                                      D
        my gees sal hom verbly in El Yahweh   *
        D                                G      Em
        my siel loop oor van lof- en dankgebed *
                 D          Bm        A         D
        Kom en sing HalleluYah, en verhef jou hart.
```

[saggies en met smeking]

```
        D                          A
5.      Ek wil met heel my hart U loof, Yahweh *
                                        D
        ek roep U aan, verhoor tog my bede      *
        D                                     G       Em
        Yahweh wees tog nie ver van my hulpgeroep *
               D            Bm        A         D
        O, verander tog die lot van U volk, Yahweh.
```

```
        D                                  A
6.      Ek roep U aan o Yahweh, ewig Rots       `
                                                D
        ag, hoor my smeking as ek om hulp vra. `
        D                                       G         Em
        verlos U volk en seën nou tog U erfdeel. `
                  D              Bm               A       D
        wees vir ons ‘n Herder, dra ons in ewigheid.

        D                                       A
7.      Nie aan onsself Yahweh, maar U die eer.
                                               D
        Ons is geseënd deur U wat geskep het.,
        D                                        G          Em
        U is ons hulp, ons skild, die wat U vrees
                D                     Bm            A       D
        Sal Yahweh van nou af prys - Tot in ewigheid.
```